

***Vinnige hersiening*:**

- Klap u hande **1**-**2** keer. Die leerder tel hoeveel en klap hulle hande netsoveel keer. Herhaal ’n paar keer.
- Flits groot prentkaarte met een/twee voorwerp(e). Die leerder steek netsoveel vingers in die lug/pak netsoveel tellers uit. Herhaal met die kolkaarte.
- Flits nou **1** of **2** kolle/**syfers 1** en **2**/getalnaam “een”/“twee” en laat die leerder sê watter syfer/getalnaam dit is. Flits een van die kaarte en die leerder moet netsoveel tellers uittel.
- Demonstreer hoe die **syfers 1** en **2** lyk. Die leerder skryf die **syfers 1** en **2** op die grond/in die lug.
- Trek die syfers op hierdie bladsy na.

**Gaan nou na werkvel 7 op bl. 13.**

- Die leerder benoem die voorwerpe in elke prent.
- Lees die getalle. Pak netsoveel blokkies uit op die tafel.
- Tel die aantal voorwerpe in die blok langs die getalsimbool. Netsoveel/meer/minder?
- Kleur net die regte aantal voorwerpe in. Let op sithouding en vetkryt- of potloodgreep.



Gr R Wiskunde werksboek.indd 12 2017/06/06 13:16

Werkvel

7

## Getal en syfersimbool: l en 2
## Tel tot 3

2



3



3



Skryf die syfers.
Kleur dan netsoveel prente in.



Gr R Wiskunde werksboek.indd 13 2017/06/06 13:16